

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

Proudly South African



education

Department:

Education

North West Provincial Government

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 12

GEOGRAFIE V1

NASIENRIGLYNE

JUNIE 2025

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.




SA EXAM PAPERS

VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER

- 1.1 1.1.1 C
 1.1.2 C
 1.1.3 C
 1.1.4 C
 1.1.5 B (5 x 1) (5)
- 1.2 1.2.1 Z
 1.2.2 Z
 1.2.3 Z
 1.2.4 Z
 1.2.5 Y (5 x 1) (5)
- 1.3 1.3.1 Somer/laat somer/vroeë herfs. (1) (1 x 1) (1)
 1.3.2 (14/03/2024) Maart / Datum (1) **[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)
 1.3.3 Weswaarts. (1) (1 x 1) (1)
 1.3.4 Word deur die tropiese oostewinde/passaatwinde aangedryf (2) (2 x 1) (2)
 1.3.5 Die naam Filipo beteken ses tropiese siklone het dié seisoen al voorgekom. (2)
 VYF tropiese siklone het voor sikloon Filipo voorgekom. (2)
 Hierdie tropiese sikloon Filipo het in die vroeë herfs voorgekom(2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
 1.3.6 Ekosisteme sal verwoes word (2)
 Biodiversiteit sal verminder. (2)
 Natuurlike habitate sal vernietig word (2)
 Bopas sal weggespoel word/gronderosie (2)
 Massabeweging kan geaktiveer word (aanvaar voorbeelde) (2)
 Wildlewe kan ontwig word of verdrink (2)
 Bome/natuurlike plantegroei kan onwortel/vernietig word (2)
 Waterkwaliteit kan afneem (2)
 Grong loog meer uit (2)
 Sinkgate vorm (2)
 Slik/afsetting van materiaal (2)
[ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)
- 1.4 1.4.1 Aflandig (1) (1 x 1) (1)
 1.4.2 Kalahari Hoogdruk is in die winter dominant oor die sentrale plato. (1)
 'n Kuslaag is langs die ooskus. (1) (2 x 1) (2)

1.4.3

4 punte vir **ENIGE VIER** benoemings (soos hierbo)

(4 x 1) (4)


- 1.4.4 Plante (Natuurlike plantegroei/weiding) verdroog a.g.v. die droë wind (2)
 Biodiversiteit (fauna en flora) verminder binne die natuurlike omgewing. (2)
 Afname in die ekosisteme sal die voedselkettings en -webbe verwoes. (2)
 Hoër verdamping verlaag die grondvogtigheid. (2)
 Toename in vogverlies van die grond sal erosie laat toeneem. (2)
 Die land word kaal gelaat en is kwesbaar wat gronderosie versnel en vrugbaarheid laat af neem. (2)
 Hoër vlakke van koolstofdioksied sal lugbesoedeling laat toeneem. (2)
 Water van vlak dammetjies, klein nie-standhoudende water kan verdamp. (2)
 Natuurlike plantegroei word deur veldbrande vernietig. (2)
 Verlies aan habitat/skade aan ekosisteme a.g.v. veldbrande. (2)
 Toename in koolstofdioksied a.g.v. veldbrande beïnvloed die fisiese omgewing negatief. (2)
 As van die veldbrande dien as bemesting vir die ontwikkeling en groei van nuwe plante. (2) Veldbrande kan die ontkieming van sade aanmoedig. (2)

[ENIGE VIER](4 x 2) (8)
[40]

VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE

- 2.1 2.1.1 A
 2.1.2 C
 2.1.3 B
 2.1.4 C
 2.1.5 B (5 x 1) (5)
- 2.2 2.2.1 Y
 2.2.2 Z
 2.2.3 Y
 2.2.4 Z
 2.2.5 Y (5 x 1) (5)
- 2.3 2.3.1 'n Sy-aansig van 'n rivier van die oorsprong tot die monding (2) (1 x 2) (2)
 2.3.2 Waterval (1) (1 x 1) (1)
 2.3.3 Waterval ontstaan waar harde rots bo-op sagte rots voorkom. (2)
 Water vloei oor die harde rots. (2)
 Harde rots is meer weerstandbiedend teen erosie waar sagte rots minder weerstandbiedend teen erosie is. (2)
 Sagte rots, wat minder weerstandbiedend is, sal eerste begin erodeer. (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.3.4



Ken punte vir die volgende toe:

- 1 punt vir die regte ongegradeerde profiel
- 1 punt vir die oorsprong/bron
- 1 punt vir die knakpunt/Waterval
- 1 punt vir die monding

N.B. Geen punte sal vir die verkeerde profiel gegee word nie (4 x 1) (4)

- 2.3.5 Sagter lae erodeer onder die waterval (2)
 Terugwaartse erosie sal waterval dwing om stroomop te skuif (2)
 Afwaartse erosie verdiep die plonspoele (2)
 Harde rotse val in die plonspoele omdat dit nie deur sagter rots ondersteun word nie (2)
 Afsetting in die plonspoele en gaan aan tot in die benedeloop. (2)
 Balans tussen erosie en afsetting sal die gradering van die stroom in stand hou. (2) (3 x 2) (6)
[ENIGE DRIE]
- 2.4 2.4.1 Die bestuur van waterhulpbronne (2) (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Onwettige sandhandelaars (1)
 Onwettige stortings (1)
 Onwettige visvangs (1)
 Te kort aan watertoetspunte (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 2.4.3 Om waterkwaliteit te monitor (aanvaar voorbeelde) (2)
 Identifiseer die oorsprong van die waterbesoedeling (2)
 Toets die vlakke van waterbesoedeling (2)
 Verseker dat die ekosisteem gesond bly (2)
 Verseker dat die ekosisteem in balans bly (2)
 Bewaar die biodiversiteit (2)
 Om deurgaans navorsing en voorspellings te doen (2)
 Om te verseker water veilig is vir menslike gebruik (2)
 Om deeglike waterbestuur te ondersteun (2)
 Om te voorkom dat mense siek word van besmette water (2) (aanvaar voorbeelde)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Die rivier vloei in die Indiese oseaan. (2)
 Die rivier vloei met draaie en swaaie (kronkels) (2)
 Die riviermond is in die St Johns geleë (2)
 Hoogte van die rivier is vanaf 2 050 m (6 730 ft) tot 0 m (0ft) bo seevlak (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 2.4.5 Bufferskepping rondom die Umzimvubu-opvanggebied (2)
 Pas groen landbou toe (aanvaar voorbeelde) (2)
 Sluit al die sanduitgrawings langs die walle van die rivier (2)
 Bestuur nywerheidsafvalstorting (aanvaar voorbeelde) (2)
 Verminder ontbossing (2)
 Verminder grondwaterbesoedeling (2)
 Stel wetgewing in (aanvaar voorbeelde) (2)
 Voorsien intensiewe (aanvaar voorbeelde) (2)
 Skep bewusmakingsveldtogte (aanvaar voorbeelde) (2)
 Implementeer afvalwatersuiwering (2)
 Verseker stormwaterbestuur (2)
 Verseker die bewaring van vleilande (2)
 Deeglike grondgebruikbeplanning (aanvaar voorbeelde) (2)
 Gereelde toetsing (aanvaar voorbeelde) (2)

Verbeter infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)

Onderhou watersuiweringsaanlegte (2)

Gereelde omgewingsimpakstudies (2)

Bebossing/Ontgin die vloedvlakte (2)

[ENIGE VIER]

(4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: NEDERSETTINGSGEOGRAFIE

3.1 3.1.1 E (1)

3.1.2 C (1)

3.1.3 B/C/D (1)

3.1.4 A (1)

3.1.5 A (1)

(5 x 1) (5)

3.2 3.2.1 C (1)

3.2.2 C (1)

3.2.3 A (1)

3.2.4 B (1)

3.2.5 C (1)

(5 x 1) (5)

3.3 3.3.1 Die beweging van mense van landelike na stedelike gebiede (2) (1 x 2) (2)
[KONSEP]

3.3.2 Swak infrastruktuur (1) (1 x 1) (1)

3.3.3 Lae lone wat armoede veroorsaak en daartoe lei dat mense na 'n beter lewe in die stad soek (2)
'n Gebrek aan diversiteit in indiensneming lei daartoe dat mense beter werk in die stad soek (2)
Swak dienslewering (kan voorbeelde verduidelik) (2)
Gebrek aan dienste (kan voorbeelde verduidelik) (2)
Misdaad en plaasmoorde dwing mense om na veiliger gebiede te verhuis (2)
Geen vermaak moedig die jeug aan om na die stede te migreer (2)
Jong mense vertrek na beter lewensgehalte (2)
Gesinslede volg broodwinners na stedelike gebiede (2)
[ENIGE TWEE] (MOET NIE WERKLOOSHEID EN KORRUPSIE AANVAAR NIE) (2 x 2) (4)

- 3.3.4 Moedig musiek-/kunsfeeste aan om werksgeleenthede te skep (2)
 Verbeter infrastruktuur vir makliker toegang tot sosiale geleenthede (2)
 Verbeter dienslewering bv. beter skole/hospitale/klinieke (2)
 Restoreer historiese geboue om toeriste te lok en ontwikkel ekotoerisme besoekpunte (2)
 Inisier avontuur-aktiwiteite vir die jeug (2)
 Advertensies langs snelweë naby die omgewing om toeriste buite die landelike nedersetting te lok/Vestiging van 'n toerismeraad om die gebied te bevorder (2)
 Desentralisasie van nywerhede om werksgeleenthede vir die jeug te skep sodat die jongmense vriende het om mee te kommunikeer (2)
 Ontwikkel toerisme plase/oorde/trou-onthaalareas (2)
 Lok alomteenwoordige tegnologiese nywerhede wat hoogs gekwalifiseerde mense sal inbring (2) en ontwikkel groter verskeidenheid werksgeleenthede (2)
 Aftreeoorde sal meer sosiale geleenthede vir ouer mense in landelike gebiede, skep (2)
 Ontwikkel aftree oorde wat werksgeleenthede skep, veral vir jong mense (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 3.4 3.4.1 Die rangskikking van stedelike nedersettings gebaseer op die aantal funksies wat in die nedersetting gevind word (2)
[KONSEP] (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Die grond is meer as 300 m hoog (1)
 Steil areas (1)
 Bergagtige gebied (1)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.4.3 A (1) (1 x 1) (1)
- 3.4.4 A is aan die hoofpad verbind, wat sy reikwydte vergroot (2)
 Inwoners van die Dorp A verkies om A te besoek/inkopies te doen eerder as B, weens toeganklikheid (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 3.4.5 a) Streeks-winkelsentrum (1) (1 x 1) (1)
- b) Buite die beboude gebiede, waar grondwaardes laer is, geleë (2)
 Genoeg spasie vir toekomstige uitbreiding (2)
 Langs die snelweg vir toeganklikheid (2)
 Paaie verbind die winkelsentrum met alle ander nedersettings (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- c) Meer mense sal deur STAD A gaan om die winkelsentrum te bereik (2)
Mense kan na STAD A verhuis om nader aan die winkelsentrum te wees (2)

Die winste van die besighede van STAD A sal toeneem as gevolg van die toename in mense wat daardeur beweeg (2)

[ENIGE TWEE]

(2 x 2) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING A:

120

AFDELING B**VRAAG 4: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****4.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

- 4.1 4.1.1 B (1) (1 x 1) (1)
 4.1.2 B (1) (1 x 1) (1)

- 4.1.3 Vloeirigting : **Suidwes** (1)
 Dreineerdigheid: **hoë dreineerdigheid** (1) (2 x 1) (2)

- 4.1.4 a) $VI = 1001 \text{ m} - 999 \text{ m} = 2 \text{ m}$ (1)
 b) $HE \ 4,3 \text{ cm} (1) \times 100 = 430 \text{ m} (1)$
 c) $AG = \frac{VI}{HE}$
 $= \frac{2 \text{ m} (1)}{430 \text{ m}}$
 $= 1 : 215 (1)$ (5 x 1) (5)
 $= 1 : 215 (1) \text{ speling } [1: 220 - 1: 240]$
 4.1.5 Vir elke 340 wat jy horisontaal beweeg, styg die land met
 1 eenheid vertikaal (1) (1 x 1) (1)

- 4.2 4.2.1 Katabatiese wind (1) (1 x 1) (1)
- 4.2.2 Gewasse wat nie rypbestand is nie sal nie groei nie a.g.v. die lae temperature wat tot onder vriespunt daal. (2)
- Kwalifiseerder moet ingesluit wees, sonder 'n kwalifiseerder GEEN punte (1 x 2) (2)
- 4.2.3 Kweekhuiseffek kan gebruik word om 'n gekontroleerde omgewing te skep wat verwarm kan word wat die gewasse teen ryp kan beskerm (2)
- Bedek gewasse met ligte materiaal om dit te beskerm teen die ryp (2)
- Rypkomberse oor die gewasse gooi om dit teen ryp te beskerm. (2)
- Koue rame kan gebruik word om sonlig op te vang, om gewasse teen ryp te beskerm. (2)
- Plant rypbestande gewasse (aanvaar voorbeelde) (2)
- [ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 4.2.4 'n Gebied wat warmer is as sy omliggende landelike gebiede (1) (1 x 1) (1)
- 4.2.5 Daar is 'n ry bome by Hyde Park wat die hitte vasvang (2)
- Daar is dammetjies wat 'n verkoelende effek het (2)
- Geboue by Hyde Park is ver van mekaar af sodat lug daardeur kan vloei. (2)
- Daar is ontspanningsgronde wat aan Hyde Park koel lug verskaf (2)
- [ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
- 4.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**
- 4.3.1 Pixels (1) (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Beeld **A** (1 x 1) (1)
- 4.3.3 Beeld A is meer duidelik (2)
- Beeld A bestaan uit meer pixels (2)
- [ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Datalae is 'n kombinasie van ruimtelike en attribuutdata (2) (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Voorsien water vir besproeiing (2)
- Laag sal inligting verskaf oor watervoorsiening vir die doel van besproeiing (2)
- [ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
- [30]**

GROOTTOTAAL:**150**